basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## NOVEMBER 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

Approved 10/11/2022
N. PILLAY
INTERNAL MODERATOR

Approved
Rambuda MLL
Umalusi Moderator
11/11/2022

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 1
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 D - duursame ✓✓
1.1.2 C - opemarktransaksies ✓✓
1.1.3 A - gemeenskaps- ✓✓
1.1.4 B – lopende✓✓
1.1.5 C – Wet op Groei en Geleenthede in Afrika ✓✓
1.1.6 D – grondrestitusie ✓✓
1.1.7 A - mynbou en agri-toerisme ✓✓
1.1.8 B – kindermortaliteit✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 E - inkome en besteding tussen die deelnemers aan die ekonomie✓
1.2.2 F - beweer dat markte inherent onstabiel is en ekonomiese skommelinge deur interne faktore veroorsaak word✓
1.2.3 A - 'n dokument wat die owerheid se verwagte besteding en inkome oor 'n periode van drie jaar uiteensit ✓
1.2.4 I - 'n item in die betalingsbalans wat vir enige weglatings en foute voorsiening maak ✓
1.2.5 B - produksie van 'n wye verskeidenheid goedere en dienste✓
1.2.6 C - verwys na die wêreld se ontwikkelde lande en ontwikkelende lande✓
1.2.7 D - fokus op die gebruik van wetenskap en tegnologie om industrialisasie te bevorder en uit te brei✓
1.2.8 G - prys wat handelsbanke vir die leen van geld by die Suid- Afrikaanse Reserwebank betaal✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Bruto Nasionale Produk ✓
1.3.2 Pareto doeltreffendheid (-optimum)/ Toedelingsdoeltreffendheid/ Toewysigingsdoeltreffendheid/Verdelingsdoeltreffendheid ✓
1.3.3 Ruilvoet ✓
1.3.4 Storting ✓
1.3.5 Korridor ✓
1.3.6 Indiensnemingskoers ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 1 1
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



MLL

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE makro-ekonomiese doelwitte van die openbare sektor.**

- Ekonomiese groei ✓
- Volle indiensneming ✓
- Prysstabiliteit ✓
- Wisselkoersstabiliteit ✓
- Betalingsbalansewewig✓
- Ekonomiese regverdigheid/gelykheid/ Gelyke verdeling van inkomste✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom word subsidies op produkte afgetrek wanneer BBP teen basiese pryse na BBP teen markpryse herlei word?**

'n Subsidie op 'n produk is finansiële bystand wat help om die prys wat deur verbruikers betaal word te verminder; daarom word dit afgetrek/ 'n Subsidie is 'n uitgawe aan die regering wat nie deur die verbruikers betaal word nie, dus word dit van die markpryse afgetrek. ✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die marginale belastingkoers vir 'n persoon wat tussen R216 201 en R337 800 per jaar verdien.**

26% ✓ (1)

2.2.2 **Noem die inkomstebelastingstelsel wat deur die bostaande tabel voorgestel word.**

Progressiewe ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *fiskale beleid*.**

Dit verwys na veranderinge in belasting en staatsbesteding om die vlak van ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed ✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.2.4 **Verduidelik die effek van hoë belastingkoerse op belastingbetalers in 'n land.**

- Mense mag ontmoedig word om te werk en sal die arbeidsmag verlaat. ✓✓
- Besighede mag ontmoedig word om te produseer en sluit ✓✓
- Besighede en individue mag belasting ontduik. ✓✓
- Belastingbetalers (verbruikers) se besteebare inkomste sal afneem wat lei tot 'n afname in besteding. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

2.2.5 **Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die inkomstebelasting betaalbaar te bereken indien 'n jaarlikse inkomste van R480 000 verdien word.**

Belasting betaalbaar = R110 739 + (36% van belasbare inkome bo R467 500)
= R110 739 + (36% x (R480 000 - R467 500)) ✓
= R110 739 +(36% x 12 500) ✓
= R110 739 + R4 500 ✓
= **R115 239** ✓ (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die oorspronklike wisselkoers in die grafiek hierbo.**

$1= R14.60/ R14.60 / $1:R14.60✓ (1)

2.3.2 **Noem die wisselkoersstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word.**

Vryswewende wisselkoers✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *devaluasie.***

Dit is 'n daling in die waarde van 'n geldeenheid in terme van 'n ander as gevolg van doelbewuste aksie deur die owerheid/ Doelbewuste regeringsingryping om die waarde van 'n geldeenheid te verminder. / Dit is wanneer die regering (sentrale bank) die waarde van geldeenheid in terme van 'n ander op 'n laer vlak as voorheen vaslê of vaspen. ✓✓ (2)
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.3.4 **Wat is die voordeel van 'n surplus op die lopende rekening van die Betalingsbalans?**

- Die waarde van die rand sal styg as gevolg van die netto invloei van buitelandse valuta ✓✓
- Invoer van produksie-insette sal goedkoper wees as gevolg van verbeterde wisselkoers✓✓
- Produksie sal gestimuleer word en meer werksgeleenthede sal geskep word✓✓
- Staatskuld om BB probleme te dek sal verminder/minder leen ✓✓ (2)
- Buitelandse reserwes mag vermeerder daardeur die finansiële posisie van die land verbeter. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**

2.3.5 **Met verwysing na die grafiek hierbo, verduidelik die effek van die toename in vraag na VSA dollars op die waarde van die rand.**

- 'n Toename in aanbod vir VSA dollars skuif die aanbodkurwe na regs, van AA na $A_1A_1$./markewewig sal van **e** na **$e_1$** verskuif ✓✓
- Die prys van dollar sal styg van R14.60 na R15.00, wat beteken dat Suid-Afrikaners meer rand sal benodig om dieselfde VSA dollar te koop ✓✓
- Die waarde van die rand daal of die rand depresieer ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik die onderlinge verhouding tussen huishoudings en besighede in die ekonomiesekringloop-model.**

- Huishoudings verskaf produksiefaktore soos arbeid aan besighede om goedere en dienste te produseer / Besighede koop produksiefaktore van huishoudings deur die faktormark✓✓
- Huishoudings ontvang inkomste wanneer besighede vir produksiefaktore betaal / Besighede betaal vir die produksiefaktore wat 'n inkomste vir die huishoudings word✓✓
- Huishoudings koop goedere en dienste van besighede om hul behoeftes en begeertes te bevredig/ Besighede produseer goedere en dienste wat hulle aan besighede verkoop ✓✓
- Besighede ontvang inkome/verkoopsinkomste wanneer huishoudings vir goedere en dienste betaal/ Huishoudings betaal vir goedere en dienste wat 'n inkomste vir besighede word✓✓
- Huishoudings verskaf geldkapitaal vir besighede deur besparings by handelsbanke of koop aandele op aandelebeursmarkte/ Besighede kry geldkapitaal van huishoudings deur besparing en die uitreiking van aandele✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**('n Maksimum van 4 punte mag vir blote opnoem van feite/ voorbeelde toegeken word)** (4 x 2) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE

2.5 **Ontleed die probleme waarvoor die Suid-Afrikaanse regering in die verskaffing van openbare goedere en dienste te staan kom.**

Die Suid-Afrikaanse owerheid staar die volgende uitdagings in die voorsiening van openbare goedere en dienste in die gesig:

- Sommige plaaslike owerhede of munisipaliteite het nie genoegsame finansiële en fisiese hulpbronne om gehalte dienste aan hul inwoners te verskaf nie, bv uitgedateerde water-infrastruktuur✓✓
- Korrupsie en nepotisme het tot gevolg dat verskeie staatsinstellings onbevoegde werknemers het wie nie suksesvolle dienslewering kan verskaf nie. ✓✓
- Meeste staatswerknemers word nie verantwoordelik gehou vir hul aksies wat tot gevolg het dat sommige openbare projekte nie gelewer word nie. ✓✓
- Dit is moeilik vir die owerhede om doeltreffend behoeftepaling te doen van die inwoners, wat lei tot oor- of onderverskaffing van sommige openbare dienste✓✓
- Die inkome deur die owerheid ontvang vir die voorsiening van openbare goedere en dienste is onvoldoende om hul voorsiening te finansier.
- Verskeie staatsbeheerde ondernemings maak verliese wat vereis finansiële reddingsaksie van die owerhede✓✓
- Kwessies oor privatisering van sommige staatsbeheerde ondernemings soos Eskom en SAL het tot onsekerhede in terme van die voorsiening en prysbepaling van openbare dienste gelei✓✓
- Burokrasie binne-in owerheidsinstellings het tot gevolg dat staatsamptenare konsentreer op die reëls en regulasies in plaas van die verskaffing van dienste aan inwoners✓✓
- Dit is moeilik vir die staat om met 'n prysbeleid te kom, daarom kan openbare goedere oor- of onderverskaf wees. ✓✓
- Gebrek aan kennis, kwalifikasies en bestuursvaardighede kan lei tot die mislukking van die openbare sektor. ✓✓
- Gebrek aan belangstelling en motivering in die vorm van aansporings kan lei tot laer vlakke van produktiwiteit en swak voorsiening van dienste. ✓✓
- 'n Toename in die bevolking wat nie gepaard gaan met die betaling van tariewe en belasting nie, kan lei tot 'n onderverskaffing(-aanbod) van openbare goedere en dienste. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**('n Maksimum van 2 punte mag vir blote opnoem van feite/voorbeelde toegeken word)** (4 x 2) (8)

**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Noem enige TWEE vorme van ekonomiese integrasie.**

- Ekonomiese unie ✓
- Gemeenskapsmark ✓
- Vryehandelsgebied ✓
- Doeane-unie ✓
- Monetêre unie ✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom migreer mense gewoonlik na stede en stedelike gebiede?**

- Om toegang tot hoër lewensstandaard te hê as gevolg van beter dienslewering in stede en stedelike gebiede✓✓
- Om toegang tot werksgeleenthede te hê aangesien stede meer geïndustrialiseer is✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die internasionale handelsbeleid wat deur die spotprent hierbo uitgebeeld word.**

Vryhandel ✓ (1)

3.2.2 **Waarvoor staan die afkorting WHO?**

Wêreldhandelsorganisasie ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *invoervervanging*.**

'n Handelsbeleid waarmee plaaslike geproduseerde goedere vervang goedere wat voorheen ingevoer was ✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

3.2.4 **Waarom is dit nodig om suigeling-nywerhede te beskerm?**

- Om nuwe industrieë toe te laat om te groei en meer gevestigd te raak sodat hulle onafhanklik kan funksioneer. ✓✓
- Om onregverdige mededinging te verminder van buitelandse besighede wat meer gevestigd is✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.2.5 **Hoe kan Suid-Afrika uit vryhandel voordeel trek?**

- Aanbod van Suid-Afrikaanse uitvoere sal vermeerder as gevolg van die verwydering van internasionale handelshindernisse ✓✓
- Suid-Afrikaanse verbruikers sal minder betaal op ingevoerde produkte soos wat dit toeganklikheid tot goedere verbeter en hulle lewensstandaard verhoog ✓✓
- Ekonomiese doeltreffendheid sal verbeter soos buitelandse produkte mededinging verhoog op plaaslike produsente ✓✓
- Suid-Afrikaanse produsente mag moontlik koste van produksie verminder deur spesialisasie en massaproduksie ✓✓
- Suid-Afrikaanse verbruikers sal meer keuse op goedere en dienste hê ✓✓
- Suid-Afrika trek voordeel van verbeterde internasionale verhoudinge deur die verwydering van handelshindernisse ✓✓ (4)

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer in die grafiek hierbo die periode waarin Suid-Afrika die hoogste negatiewe groeikoers ervaar het.**

2020-K2 ✓ (1)

3.3.2 **Noem enige EEN instelling wat die ekonomiese aanwysers in Suid-Afrika publiseer.**

Suid-Afrikaanse Reserwebank /SARB ✓
Statistiek Suid-Afrika / Stats SA✓
Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging/ DHNM✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *sosiale aanwyser*.**

Dit verwys na statistiese data wat gebruik word om die welstand van mense in 'n samelewing te monitor / Hulle word gebruik om gemeenskapswelstand te beskryf en te evalueer in terme van sosiale, ekonomiese en sielkundige welsyn✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE

3.3.4 **Verduidelik die impak van 'n toename in arbeidsproduktiwiteit op besighede.**

- Besighede mag 'n vermindering in koste van produksie ervaar wat winste sal verbeter ✓✓
- Besighede sal selfs meer uitsette produseer met dieselfde insette (arbeid)✓✓
- Besighede sal in staat wees om hul produkte teen meer mededingende pryse te verkoop en sodoende meer markaandeel te wen. ✓✓
- Beter gehalte produkte sal geproduseer word en in uitvoermarkte meeding✓✓ (2)

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**

3.3.5 **Hoe kan die owerheid die produktiwiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag verbeter?**

- Verskaf beter kwaliteit onderwys en opleiding om die vaardighede en kennis van die arbeidsmag te verbeter ✓✓
- Voorsien werkverwante opleidingsprogramme soos SETA's of UOWP (EPWP) om die vaardighede van die huidige arbeidsmag te verbeter✓✓
- Verbeter gesondheidsorg om fisiese en verstandelike fiksheid van werkers te verseker ✓✓
- Hef billike persoonlike inkomstebelastingkoers en ander aansporings soos 'n verbeterde nasionale minimum loon om werkers te motiveer om meer uitset te produseer ✓✓
- Voorsien 'n doeltreffende en betroubare openbare vervoerstelsel om te verseker dat werkers betyds by die werk kom ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks *subsidies* en *aansporings* as metodes vir uitvoerbevordering.**

**Subsidies**

- Direkte subsidies verwys na finansiële hulp deur die owerhede aan plaaslike produsente wie goedere uitvoer. ✓✓
- Dit word verskaf in die vorm van kontantbetalings aan uitvoerders ✓✓
- Indirekte subsidies verwys na hulp deur die owerhede maar hou nie 'n voorafbepaalde monetêre of sluit in werklike kontantuitgawes ✓✓
- Subsisies word voorsien in die vorm van terugbetalings op invoertariewe en algemene belastingkortinge ✓✓
- Die doel van subsidies is om die produksiekoste te verminder en om hul mededingendheid in uitvoermark te verhoog ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** max (2 x 2)

**Aansporings**

- Die owerhede verskaf produsente met die vereiste inligting oor uitvoermarkte, navorsing oor moontlike uitvoermarkte ✓✓
- Finansiële ondersteuning kan moontlik in die vorm van konsessies op vervoerkoste, uitvoerkredietlenings en versekeringskontrakte vir uitvoertransaksies ✓✓
- Uitvoeraansporings verhoog die produsent se doeltreffendheid sodat hulle effektief op internasionale mark kan meeding ✓✓
- Aansporings het tot gevolg dat groter volume van Suid-Afrikaanse goedere uitgevoer word daardeur ekonomiese groei verhoog ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** max (2 x 2)
**('n Maksimum van 4 punte mag vir blote opnoem van feite/ voorbeelde toegeken word)** (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 1
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.5 **Evalueer Suid-Afrika se streekontwikkelingsbeleide in terme van die internasionale maatstafkriteria.**

**Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide voldoen aan internasionale maatstafkriteria omdat:**

- Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI) en Spesiale Ekonomiese Sones (SES) word hanteer deur deursigtige, etiese en doeltreffende bestuur om ekonomiese aktiwiteite te desentraliseer✓✓
- die owerheid verseker dat geen streek ontwikkel word ten koste van 'n ander streek se potensiaal deur integrasie tussen verskillende gebiede by magte van die oorloop-effek ✓✓
- vennootskap tussen alle deelnemers in die ekonomie word aangemoedig deur die owerheid omdat die 'n meer inklusiewe ekonomie bou ✓✓
- voorsiening van hulpbronne is verseker deur infrastruktuur-ontwikkeling projekte prioritisering in alle provinsies sodat streeksontwikkeling bereik kan word ✓✓
- mededingende besighede wat nie in nood is van volgehoue finansiële hulp van owerhede was gestig ✓✓
- gesonde mededinging in die ekonomie is bevorder deur die mededingingsbeleide sowel as die Mededingingskommissie, Mededingingstribunaal en Mededingingsappèlhof ✓✓
- mense van verskillende streke is betrokke in onderwys en opleiding, om produktiwiteit te verbeter en ontwikkeling van mense deur mense te verseker ✓✓
- kwessies op grondvlak soos armoede en ongelykhede, word aangespreek om te verseker dat ontwikkeling van onder begin ✓✓
- meer beklemtoning word geplaas op totale ontwikkeling wat alle menslike lewens dek om inklusiewe ontwikkeling te bereik, bv. onderwys, gesondheid en voeding ✓✓
- verskeie programme was geïmplementeer deur die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM) om steun te verleen aan KMMOs en entrepreneurskap in 'n poging om markgeoriënteerd te bly ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**

**Suid-Afrikaanse streeksontwikkelingsbeleide voldoen NIE aan internasionale maatstafkriteria omdat:**

- korrupsie, nepotisme en wanbesteding van staatsfondse het in baie provinsies en munisipaliteite plaasgevind wat tot swak bestuur tot gevolg het✓✓
- tekort aan hulpbronne, veral infrastruktuur, het tot gevolg dat sommige dele van die land onsuksesvol was om belegging te lok en werkloosheid bly hoog✓✓
- onkunde teenoor onderwys en opleidingsgeleenthede het tot swak investering in menslike kapitaal tot gevolg✓✓
- Terwyl Suid-Afrika mededinging aanmoedig, is daar baie gevalle van samespanning wat deur die Mededingingskommissie ondersoek is.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**('n Maksimum van 2 punte mag vir die blote opnoem van feite/ voorbeelde toegeken word)** (4 x 2) (8)
**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 1 1
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem enige TWEE uitwerkings (effek) van internasionale handel.**

- Spesialisasie ✓
- Massaproduksie ✓
- Globalisering ✓
- Doeltreffendheid ✓
- Storting ✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe bevorder Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) nywerheidsontwikkeling?**

- Vermeerdering in die aantal swart mense wie besighede besit en bestuur, bevorder die ontstaan van nuwe industrieë in die ekonomie ✓✓
- Deur vaardigheidsontwikkeling het swart mense 'n geleentheid om vaardighede te bekom wat hulle kan gebruik om hul besigheid te begin ✓✓
- Onderneming ontwikkeling bevorder groot besighede om in klein besighede te investeer sodat hulle kan uitbrei en hulself vestig ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die waarde van die marginale spaargeneigdheid (msg) in die diagram hierbo.**

0.2 ✓ (1)

4.2.2 **Noem die lekkasie wat met buitelandse sektor verband hou.**

Invoere/betaling vir invoere ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *outonome verbruik*.**

Die vlak van besteding wat onafhanklik is van die vlak van inkomste of veranderinge in inkomste ✓✓ (2)

4.2.4 **Verduidelik die belangrikheid van besparing in die ekonomie.**

- Besparing verseker die beskikbaarheid van leenbare fondse in finansiële instellings vir investering (kapitaalvorming) ✓✓
- Verbruikers sal toegang hê tot lenings wat besteding aan duursame goedere sal verhoog ✓✓
- Besparings help om oorskot vraag in die ekonomie te hanteer daardeur vraagtrekinflasie te verminder ✓✓
- Huishoudings sal finansiële vryheid geniet omdat hulle vir hul toekomstige behoeftes kan betaal deur gebruik te maak van hul spaargeld ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 1
APPROVED MARKING GUIDELINE

4.2.5 **Gebruik die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) in die diagram hierbo om die waarde van die vermenigvuldiger te bereken. Toon die formule en al die berekeninge.**

Vermenigvuldiger (K) = 1/(1-mvg) ✓
= 1/(1-0.8) ✓
= 1/0.2 ✓
= <u>5</u> ✓

**('n Maksimum van 3 punte mag toegeken word vir korrekte berekening sonder die formule)** (4)

## 4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Identifiseer die beleid wat die regering se benadering tot nywerheidsontwikkeling uiteensit.**

Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk/NNBR ✓ (1)

4.3.2 **Noem enige ander aansporing wat deur DHNM verskaf word om nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder.**

- Kleinsake-ondersteuningsprogram/KMOOP✓
- SEDA Tegnologie Program/STP ✓
- Vaardigheidsondersteuningsprogram/VOP ✓
- Doeane-vrye aansporings ✓
- Buitelandse investeringsaansporings ✓
- Strategiese beleggingsprogram ✓
- Dienste aan Sakeprosesse ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *Spesiale Ekonomiese Sones (SES).***

Dit verwys na 'n geografiese afgebakende gebied wat vir die ontwikkeling van spesifieke ekonomiese aktiwiteite geïdentifiseer word / SES is geografies aangewese gebiede wat opsy gesit is vir spesifiek geteikende ekonomiese aktiwiteite✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2)

4.3.4 **Hoe kan 'n styging in internasionale oliepryse nywerheidsontwikkeling vertraag?**

- Brandstofpryse sal styg, wat lei tot hoër vervoerkoste vir verskillende industrieë en laer winsvooruitsigte✓✓
- Sommige besighede mag hul bedrywighede staak wat industrialisasie sal vertraag✓✓
- Potensiële beleggers mag ontmoedig wees om nuwe besighede te stig ✓✓
- Die regering sal minder fondse beskikbaar hê om subsidies vir nywerheidsontwikkeling aan te bied aangesien dit meer aan brandstofverkryging sal bestee✓✓ (2)

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.3.5 **Waarom is infrastruktuurontwikkeling in voorheen benadeelde gebiede belangrik?**

- Voldoende infrastruktuur soos vervoer, kommunikasie en energieverskaffing help om meer beleggings te lok✓✓
- Ontwikkeling van infrastruktuur verbeter die ekonomiese lewensvatbaarheid van voorheen benadeelde gebiede✓✓
- Meer werksgeleenthede sal geskep word vir die werkers wat hul vervoerkoste verminder vir die pendel van langafstande na werk✓✓
- Mense in onderontwikkelde gebiede sal beter lewenstandaard geniet omdat hulle meer behoeftes kan bevredig as gevolg van lae lewenskoste✓✓
- Werkers sal nie bande met hul gesinne verloor, wat kulturele waardes sal bevorder ✓✓
- Sosiale probleme wat verband hou met oorbewoning of oorbevolking in stedelike gebiede sal verminder word ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks *bevolkingsgroei* en *lewensverwagting* as demografiese aanwysers.**

**Bevolkingsgroei**
- Bevolkingsgroei verwys na die vermeerdering in die aantal mense wat in 'n land woonagtig is✓✓
- Die Suid-Afrikaanse bevolking het in 2022 tot ongeveer 60,6 miljoen toegeneem✓✓
- Meting van bevolkingsgroei is belangrik vir die lewering van maatskaplike dienste ✓✓
- Wanneer die bevolkingsgrootte vermeerder, sal die belastingbasis van die owerheid ook vermeerder ✓✓

**Lewensverwagting**
- Lewensverwagting druk die aantal jare uit wat 'n pasgebore baba sal bly lewe as die gegewe tendense in mortaliteit dieselfde sal bly deur sy of haar lewe ✓✓
- In Suid-Afrika, lewensverwagting by geboorte was 64,38 jaar in 2020 aangeteken, op vanaf 64.13 in 2019✓✓
- Dit is belangrik vir owerhede om te weet wat die gemiddelde lewensverwagting is, omdat werkende mense 'n reeks maatskaplike dienste benodig en is terselfdertyd ook 'n belastingbasis✓✓
- Versekeringsmaatskappye in besonder stel belang in lewensverwagting omdat onvoorsiene aftrekkings in lewensverwagting die aantal jare polishouers premies kan betaal verminder✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (2 x 4) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.5 **Hoe kan Suid-Afrika invoere verminder om 'n tekort in die betalingsbalans reg te stel?**

**Suid-Afrika kan invoere verminder deur die:-**

- verhoging in rentekoerse om binnelandse besteding insluitend ingevoerde goedere en dienste te ontmoedig✓✓
- verhoging van direkte belasting soos persoonlike inkomstebelasting om huishoudings se beskikbare inkome te verminder en besteding op invoere te ontmoedig✓✓
- instelling van invoertariewe en belasting om ingevoerde goedere en dienste duurder te maak en binnelandse besteding op hulle te verminder✓✓
- instelling van kwotas om die hoeveelheid goedere en dienste wat Suid-Afrikaners kan invoer te beperk ✓✓
- instelling van embargo's om die invoer van sekere goedere en dienste heeltemal te verbied✓✓
- vermindering in die beskikbaarheid van buitelandse valuta om binnelandse besteding op invoere te ontmoedig✓✓
- implementering van streng doeane prosedures om die proses van aankope van invoere te vertraag✓✓
- aanmoediging van binnelandse produksie van invoere sodat verbruikers hul op die plaaslike mark sal aankoop (invoervervanging) ✓✓
- verhoging van totale aanbod van goedere en dienste om tekorte op plaaslike markte te voorkom ✓✓
- devaluering / depresieer van die rand om invoer relatief duurder te maak✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)** (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in besonderhede die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting van sakesiklusse.** **(26 punte)**
- **Analiseer die uitdagings wat 'n ekonomiese resessie vir die verskillende deelnemers in die ekonomie skep.** **(10 punte)** **[40]**

**INLEIDING**

'n Sakesiklus kan omskryf word as opeenvolgende stygende en dalende ekonomiese aktiwiteite ✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**LEIDENDE AANWYSERS**✓
- Dit is aanwysers wat verander voordat die ekonomie verander ✓✓
- Dit gee verbruikers, sakeleiers en beleidmakers 'n idee (vooruit waarskuwings) waar die ekonomie heen neig✓✓
- Hierdie aanwyser piek voordat 'n sakesiklus 'n piek bereik het.✓✓
- Mees belangrikste tipe aanwyser om ekonome te help om te voorspel wat die ekonomie in die toekoms sal wees. ✓✓
- Wanneer hierdie aanwyser styg, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite ook binne die volgende paar maande styg. ✓✓
- Wanneer hul daal beteken dit ook dat die vlak van ekonomiese aktiwiteite in die nabye toekoms sal daal ✓✓
- Voorbeelde: sluit in die aantal residensiële planne wat goedgekeur is, aantal advertensie vir werksgeleenthede; aantal nuwe maatskappye✓

**SAMEVALLENDE AANWYSERS** ✓
- Samevallende aanwysers is aanwysers wat dieselde tyd verander soos die ekonomie verander. ✓✓
- Hierdie aanwysers dui die werklike toestand van die ekonomie aan.✓✓
- 'n Afdraai word deur 'n vermindering in hierdie aanwysers aangedui, terwyl 'n opswaai deur 'n vermeerdering in hierdie aanwysers aangedui word. ✓✓
- Samevallende aanwysers word gebruik om die veranderinge voorgestel deur die leidende aanwysers te bevestig. ✓✓
- Die waarde van kleinhandelverkope sal 'n piek bereik en dan begin afneem terselfdertyd as die sakesiklus. ✓✓
- Voorbeelde: benutting van kapasiteit in vervaardiging, geregistreerde werkloosheid, reële BBP ✓

**SLOERENDE (NALOPENDE) AANWYSERS**✓
- Hierdie is aanwysers wat verander nadat die ekonomie alreeds verander het. ✓✓
- Sloerende aanwysers bereik die draaipunt nadat die sakesiklus alreeds gedraai het. ✓✓
- Sloerende aanwysers dien om die gedrag van saamvallende aanwysers te bevestig. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE

- Voorbeelde: aantal kommersiële voertuie verkoop, reële investering in masjinerie, eenheidsarbeidskoste in vervaardiging✓

**SAAMGESTELDE AANWYSERS**✓
- Saamgestelde aanwysers vat 'n groep aanwysers van dieselfde soort in 'n enkele waarde saam. ✓✓
- Die enkele syfer vorm 'n norm vir 'n land se ekonomiese prestasie. ✓✓
- Saamgestelde aanwysers word in enkele waardes van 'n leidende, saamvallende en sloerende aanwyser gekonsolideer. ✓✓

**AMPLITUDE**✓
- Dit is die verskil tussen die waarde van totale uitset tussen piek en trog, gemeet van die tendenslyn tot die piek en trog. ✓✓
- Amplitude reflekteer die intensiteit van die opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteite. ✓✓
- Die amplitude demonstreer twee dinge:
  - Die **sterkte van die onderliggende kragte** soos rentekoerse, uitvoere of verbruikersbesteding. ✓✓ 'n Groot amplitude gedurende die opswaai toon sterk onderliggende kragte. ✓✓ Die tydsduur van 'n siklus met 'n groter amplitude is gewoonlik langer as een met 'n kleiner amplitude. ✓✓
  - Die **omvang van verandering** soos 'n daling in werkloosheid van 50% of styging in inflasie van 100% gedurende die opswaai. ✓✓ Hoe groter die amplitude, hoe meer die omvang veranderinge wat mag voorkom. ✓✓

**TENDENSLYN**✓
- Die tendenslyn toon die algemene rigting aan waarin die ekonomie beweeg. ✓✓
- Wanneer die ekonomie groei, is daar 'n opwaartse neiging, maar wanneer die ekonomie krimp, is daar 'n afwaartse neiging. ✓✓
- Die tendens sal verander wanneer die tydreeksdata hul gedragspatrone van die verlede verander. ✓✓
- Die tendenslyn het normaalweg 'n positiewe helling want die produksiekapasiteit van die ekonomie verhoog mettertyd. ✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINES

**LENGTE/DUUR VAN DIE SIKLUS**✓
- Lengte word gemeet van piek tot piek of trog tot trog. ✓✓
- Langer siklusse toon sterkte en korter siklusse toon swakhede ten opsigte van ekonomiese aktiwiteite. ✓✓
- Siklusse mag verbyskiet wat beteken dat wanneer aktiwiteite in terme van sommige saamgestelde aanwysers bo hul normale vlak toeneem. ✓✓
- Die inkrimping in die groei van uitsette mag die vlak waar dit natuurlik behoort te stop, verbyskiet. ✓✓

**EKSTRAPOLASIE**✓
- Ekstrapolasie verwys na die beraming van iets onbekend van die feite wat bekend is. ✓✓
- Vorige data word gebruik wanneer voorspellings gemaak word oor die toekoms gebaseer op veronderstellings ten opsigte van tendense. ✓✓
- Verlenging van 'n tendens in die toekoms mag informasie verskaf op wat moontlik mag gebeur. ✓✓
- Ekonome mag voorspel dat die ekonomie in die komende paar maande sal groei as 'n sakesiklus verby 'n trog beweeg en 'n opswaai betree. ✓✓
- Ekstrapolasietegnieke word somtyds gebruik om toekomstige aandeelpryse te voorspel. ✓✓

**BEWEGENDE GEMIDDELDES**✓

- Hulle word langs die datareeks bereken sodat 'n gladder sakesiklus kan geskep word. ✓✓
- Bewegende gemiddeldes word gebruik om die veranderinge in 'n reeks data oor 'n bepaalde tydsperiode te analiseer. ✓✓
- Ekonome gebruik bewegende gemiddeldes om die effek van 'n skerp fluktuasie in die sakesiklus te verminder. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**('n Maksimum van 8 punte mag vir blote opnoem van feite of voorbeelde toegeken word)** Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

**'n Ekonomiese resessie mag die volgende uitdagings op die verskillende deelnemers in die ekonomie inhou**:

- Die belastingbasis vir die owerheid mag krimp omdat sommige besighede hul bedrywighede moet sluit en werkers hul werk verloor. ✓✓
- Die owerheid sal minder belasting invorder van besighede en huishoudings wat sal lei in die uitstel van openbare projekte as gevolg van 'n tekort aan fondse. ✓✓
- Sosiale besteding deur die owerheid mag armoede verhoog en werkloosheidsvlakke gedurende resessie toeneem. ✓✓
- Staatskuld mag vermeerder soos die regering probeer fondse verhoog vir sommige van hul kritieke besteding. ✓✓
- Huishoudings mag hul werk verloor en onsuksesvol wees om nuwe werk soos produksie op goedere en dienste afneem. ✓✓
- Verbruikersvertroue sal afneem wat minder besteding op goedere en dienste tot gevolg het. ✓✓
- Besighede mag afname in vraag vir goedere en dienste ervaar soos huishoudings sommige van hul besteding uitstel. ✓✓
- Besighede mag minder inkomeontvang wat toe laer winste tot gevolg het. ✓✓
- Besigheidsvertroue mag afneem wat hulle sal ontmoedig om te investeer in die ekonomie. ✓✓
- Die buitelandse sektor sal minder aanbod van Suid-Afrikaanse uitvoere hê namate binnelandse produksie afneem.✓✓
- Buitelandse beleggers sal vertroue in die ekonomie verloor, wat lei tot minder kapitaalinvloei ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**('n Maksimum van 2 punte mag vir blote opnoem van feite of voorbeelde toegeken word)** Maks 10)

**SLOT**

Die land kan bemagtig word om toepaslike beleide op te stel om verskillende veranderinge in die ekonomie te hanteer weerspieël deur die aanwysers en kenmerke. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde slot)** (Maks 2) **[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in besonderhede die Suid-Afrikaanse groei-en ontwikkelingsbeleide en strategiese inisiatiewe vanaf 1994.** **(26 punte)**

- **Hoe kan Suid-Afrika aanbodkantmaatreëls gebruik om ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder?** **(10 punte)** **[40]**

**INLEIDING**

- Ekonomiese ontwikkeling is die proses waardeur die lewenstandaard oor 'n tydperk verbeter ✓✓
- Ekonomiese groei is 'n toename in die produktiewe kapasiteit of reële BBP van 'n ekonomie oor tyd. ✓✓

  **(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**DIE BELANGRIKSTE GROEI- EN ONTWIKKELINGSBELEIDE IS:**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

**HEROPBOU- EN ONTWIKKELINGSPROGRAM (HOP))**✓
- HOP is ingestel om armoede te verlig en die ongelykhede en tekorte in maatskaplike dienste aan te spreek. ✓✓
- Die strategie het gefokus op werkskepping, welsyn, behuising, vervoer, grondhervorming, gesondheidsorg, onderwys, opleiding, water en sanitasie. ✓✓
- Die doelwitte van HOP was om:
  - ➢ dienslewering soos behuising, elektrisiteit, water en sanitasie vir die armes te verbeter✓✓
  - ➢ 'n omgewing wat geskik is vir menslike ontwikkeling deur onderwys en opleiding te skep ✓✓
  - ➢ as 'n padkaart vir ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika te dien ✓✓
  - ➢ 'n dinamiese ekonomie te skep wat nuwe en volhoubare werksgeleenthede kon skep✓✓
  - ➢ armoede, lae lone en uiterste ongelykhede in lone en rykdom te verlig. ✓✓
  - ➢ ekonomiese wanbalans en strukturele probleme in die ekonomie aan te spreek. ✓✓
  - ➢ verseker uitskakeling van diskriminasie op grond van ras of geslag. ✓✓
  - ➢ die ekonomie te demokratiseer en die voorheen benadeelde groepe te bemagtig. ✓✓

**GROEI, INDIENSNEMING EN HERVERDELINGSBELEID (GIHB)** ✓
- GIHB (GEAR) is bekendgestel om ekonomiese groei te stimuleer en werksgeleenthede te skep. ✓✓
- Die strategie was om ekonomiese ontwikkeling te versterk, inkomste te herverdeel en sosio-ekonomiese geleenthede vir die armes te skep. ✓✓
- Die doelwitte was om:
  - ➢ ekonomiese groei te bevorder deur direkte buitelandse beleggings te lok.✓✓
  - ➢ 'n belastingstelsel te hê om onderwys- en opleidingsprogramme te finansier wat werkers se vaardighede sal verbeter en werk te skep ✓✓
  - ➢ begrotingshervormings te hê wat bedoel is om inkomste te herverdeel. ✓✓
  - ➢ 'n vryswewende wisselkoersbeleid te aanvaar wat wisselkoersstabiliteit sal

verseker en Suid-Afrikaanse produkte mededingend sal maak. ✓✓
- 'n vinniger fiskale tekort verminderingsprogram te hê deur openbare skuld te beheer om prysstabiliteit (Inflasie) te verseker. ✓✓
- tariewe te verminder wat pryse van ingevoerde insette sal verlaag. ✓✓
- 'n konsekwente monetêre beleid te handhaaf om hoë inflasie te voorkom.✓✓
- die herstrukturering en privatisering van sommige semistaatsinstellings te verhoog ✓✓

**SWART EKONOMIESE BEMAGTIGINGSPROGRAMME (SEB)** ✓
- Die strategie van stapel gestuur om te help met die transformasie en regstelling van voorheen benadeelde groepe ✓✓
- SEB het ten doel om die aantal swart mense wat produksiefaktore (besighede) besit, bestuur en beheer aansienlik te verhoog ✓✓
- Die doelwitte was regstelling en regstellende aksie in die werkplek en besigheidsomgewings. ✓✓

**UITGEBREIDE OPENBARE WERKE PROGRAM (UOWP/EPWP)** ✓
- Dit is ingestel om werksgeleenthede vir armes en kwesbares/benadeeldes te skep.✓✓
- Die strategie was om arbeidsintensiewe programme te gebruik om mense vaardighede te gee wat hulle kan gebruik om daarna werk te kry. ✓✓
- Die doelwitte van **UOWP** (EPWP) was om: -
  - armoede en inkomsteverligting te verskaf deur tydelike werksgeleenthede te skep vir ongeskooldes, werkloses, armes en kwesbares soos vroue en jeug✓✓
  - bestaande begrotings van die regering en openbare entiteite te gebruik om werkloosheid te verminder en te verlig✓✓
  - die vermoë van werkers om 'n inkomste te verdien te verhoog, hetsy deur die arbeidsmark of deur entrepreneuriese aktiwiteite. ✓✓

**VERSNELDE EN GEDEELDE GROEI-INISIATIEF VIR SUID-AFRIKA (ASGISA)** ✓
- Was van stapel gestuur as 'n nasionale inisiatief om deur alle besighede, arbeid en entrepreneurs ondersteun te word. ✓✓
- Die sleutel elemente van ASGISA was:
  - Halveer werkloosheid en armoede teen 2014. ✓✓
  - Verhoog ekonomiese groei tot gemiddeld 6% tussen 2010 en 2014. ✓✓
- Die doelwitte was om:
  - infrastruktuur te verbeter en ontwikkel deur 8% van die BBP aan infrastruktuurontwikkeling te bestee. ✓✓
  - nywerheidsontwikkeling te bevorder deur industriële ontwikkelingsones (NOS).✓✓
  - onderwys en vaardigheidsontwikkeling te bevorder om die tekort aan skaars vaardighede te verminder. ✓✓
  - die tweede ekonomieë (Informele sektor) te stimuleer ✓✓
  - staatsadministrasie te verbeter deur goeie bestuur. ✓✓
  - ekonomiese ontwikkeling (welsyn) deur ekonomiese groei te bereik. ✓✓
  - die produksievermoë van toerisme, biobrandstof en vervaardiging te verbeter.✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**NASIONALE VAARDIGHEIDSONTWIKKELINGSTRATEGIE (NVOS)** ✓

- Strategie is bedoel om onderwys en opleiding in Suid-Afrika radikaal te verander✓✓
- Die strategie is gemik om die kwaliteit en hoeveelheid opleiding te verbeter om verhoogde mededingendheid van die nywerheid en verbeterde lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners te ondersteun. ✓✓
- Die Departement van Arbeid gebruik die NVOS as 'n instrument om die proses van vaardigheidsontwikkeling van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te bestuur. ✓✓

**GESAMENTLIKE INISIATIEF OOR DIE VERWERWING VAN VOORKEURVAARDIGHEDE (GIVVV)**

- Dit is bekendgestel as die vaardigheidsontwikkelingsdeel van ASGISA. ✓✓
- Die doelwit was vaardigheidsontwikkeling, veral deur die SETA's✓✓

**DIE NUWE GROEIPAD (NGP)**

- Die strategie is om sleutelsektore as 'werkdrywers' te identifiseer en nywerhede en sektore te bevorder wat werkskepping kan dryf. ✓✓
- Dit het ten doel gehad om ekonomiese groei te verhoog, 5 miljoen werksgeleenthede teen 2020 te skep en groter ekonomiese gelykheid te skep. ✓✓
- Die NGP identifiseer die vervaardiging, toerisme, groen energie en infrastruktuurontwikkeling as sleutelareas van werkskepping. ✓✓

**NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN (NOP)** ✓

- NOP is gestig en gelei deur die voormalige Minister van Finansies in 2012/13. ✓✓
- Die strategie is om ekonomiese geleenthede uit te brei deur belegging in infrastruktuur, meer innovasie, private investering en entrepreneurskap. ✓✓
- Die doelwitte was om: -
  - armoede en verminder ongelykheid teen 2030 uit te skakel✓✓
  - werkloosheid met 14% in 2020 en 6% in 2030 te verminder ✓✓
  - ekonomiese groei op 'n inklusiewe basis te bereik ✓✓
  - ekonomiese transformasie te bewerkstellig deur die kapasiteit van die staat te verbeter en leierskap en vennootskappe regdeur die samelewing te bevorder.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**('n Maksimum van 8 punte kan word vir blote opnoem van feite en voorbeelde toegeken word)** (Maks 26)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 1
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**INHOUD: ADDISIONELE DEEL**

**Suid-Afrika kan aanbodkantmaatreëls gebruik om ekonomiese groei en ontwikkeling te verbeter deur:**

- verwydering van onnodige reëls en regulasie (deregulering) om die doeltreffendheid van markte te verbeter✓✓
- vermindering van sommige belasting en lisensies om die administratiewe koste van besighede te verlaag✓✓
- verlaging van die vereistes en prosedures om besighede in die land te registreer✓✓
- verbetering in die kwaliteit van onderwys en opleiding om die vaardigheid van die arbeidsmag te verbeter✓✓
- verbetering in beskikbaarheid, betroubaarheid en koste van infrastrukturele dienste om finansiële lewensvatbaar en winsgewendheid van besighede te verseker ✓✓
- bekendstelling van meer bekostigbare en betroubare alternatiewe energiebronne aan te moedig ✓✓
- mededinging in verskillende markte te bevorder om ekonomiese doeltreffendheid te verbeter ✓✓
- voorsiening van subsidies en aansporings om kapitaalvorming in die ekonomie aan te moedig ✓✓
- opgradering en instandhouding die vervoernetwerk om groter doeltreffendheid binne die vervoersektor te bevorder en te verseker✓✓
- te verseker dat moderne, effektiewe, doeltreffende en betroubare kommunikasiekanale bekom kan word ✓✓
- voorsiening van gratis adviseurende dienste soos inligting oor nuwe uitvoermarkte, om doeltreffendheid en die gemak van besigheid doen te verseker. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**('n Maksimum van 2 punte kan vir blote opnoem van feite en voorbeelde toegeken word)** (Maks 10)

**SLOT**

Die moderne ekonomie het meer dinamies geraak en dit is belangrik dat die owerheid met sekere beleide wat nie langer geskik is wegdoen en nuwe beleide wat meer relevant is, in werking stel. ✓✓ **[40]**
**(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde antwoord)** (Maks 2)

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **150** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -11- 11
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION